

Saterdag 9 Junie

Skrifgedeelte: Esra 7:1-10; 8:15-36
(1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Esra 7:6, 9-10; 8:21-
23 (1933/53-vertaling)

Soek die HERE terwyl Hy te vinde is!

Esra het God gesoek. Hy het voor sy aangesig gekom en vir 'n *voorspoedige* reis gevra, want hy is saam met klomp families uit ballingskap op pad terug Jerusalem toe, met baie geld wat Artasasta gegee het. Dis gevaarlik, hulle kan beroof word.

Hy soek nie begeleiding van Artasasta nie, want hy het al vir hom gesê: *Die hand van onse God is ten goede oor almal wat Hom soek*. Esra sal hom skaam om Artasasta se hulp te vra, want hy *ken* God so en het Hom so aan Artasast verkondig. Sy God se hand is oor hom!

Hulle is juis op pad terug Jerusalem toe, omdat die hand van God ten goede oor Esra is. Hy het die terugtog voorsien, want Esra het God gesoek en *God se hand is ten goede oor almal wat Hom soek*. Dit is wie Hy is!

So, wanneer Esra in soveel vertroue God soek, is dit omdat Hy God se betroubaar leer ken het. Hy vat nie maar 'n kans op God en hoop op die beste nie. As hy God nie só be-troubaar leer ken het nie, sou hy God sekerlik nie só gesoek het nie.

Geliefde, soek God! Soek Hom in die openbaring van Homself – sy Woord. Jy sal Hom nie vertrou as jy Hom nie as betroubaar leer ken het nie.

God wil gesoek word en as betroubaar geken word. Hulle wat Hom soek, sy hand sal oor hulle wees. Het u God al so gesoek en so leer ken? Waarop vertrou u dan?

Sing: Psalm 147-1:3, 4

Ds. DJ (Dirk) Dijkstra (Nigel)